



# MALAN VONK

## Amptelike Nuusbrief van die Malan-Familiebond van Suid-Afrika

## 20 ste UITGAAF AUGUSTUS 2018

### VRIENDELIKE UITNODIGING

Jy en jou hele gesin word hartlik uitgenooi na ‘n **Malan-Saamtrek** op **Saterdag 8 September 2018,** om **14:30 vir 15:00** in die Komiteekamer te NGK Lynnwoodrif, Lanciastraat 269, Lynnwoodrif, Pretoria.

**1.** Die Malan-Familiebond herdenk vanjaar die 330ste jaar van aankoms van ons eerste Hugenote-voorgeslagte aan die Kaap wat op 31 Desember 1687 uit Delfthawe, Nederland op die *Voorschoten* vertrek het en op 13 April 1688 in Saldanabaai anker moes uitgooi as gevolg van ‘n baie sterk wind. Kaptein Valerius het die volgende dag ‘n Khoi met ‘n boodskap na die Kaap gestuur om hom oor die stranding in te lig. Die goewerneur het die *Jupiter* gestuur om die gestrandes op te pik en na die Kaap te bring. Die beplande aankoms aan die Kaap was 14 April vandaar dat ons op 14 April 2018 die 330ste herdenking van die aankoms van die Hugenote aan die Kaap gevier het.

Die stamvader van die Malans, Jacques Malan en Isabeau Jordaan (néé le Long), stammoeder van die Malans, en ander Hugenote het weer op die *China* vertrek uit Nederland en op 4 Augustus1688 in die Kaap aangekom. Daarom herdenk die Malans ook hierdie baie spesiale dag.

**Die Malans van Suid-Afrika**, derde uitgawe 2018, deur Dr Hercules Malan, D G Malan en J D Malan bestaan uit 4 volumes met 1833 bladsye in totaal en is op 14 April 2018 bekend gestel. Dit bevat die geskiedenis van die Malans van Suid-Afrika oor die afgelope 750 jaar in Italië, Frankryk en Suid-Afrika, asook die geslagsregister van die Suid-Afrikaanse Malans. Dr Malan is tans besig om aan die Engelse weergawe te werk. Tydens ons eerskomende byeenkoms te Pretoria sal hy ons meer inlig oor die vordering tot op datum. Die Malans van Suid-Afrika sal ook dan weer te koop aangebied word.

**Die program** sien as volg daaruit:

14:30 **Registrasie** – verversings met tee en koffie.

15:00 **Verwelkoming en opening** - Dennis Malan (Strand) voorsitter van die Malan-Familiebond.

15:10 **Boodskap van die beskermheer** van die Malan-Familiebond J C Malan (Port Elizabeth)

15:20 **Die Hugenote van Suid-Afrika – 330 jaar.** Dr Andrew Kok (Durbanville) voorsitter van die Hugenotevereniging van SA.

16:00 Al gehoor van **Sailor Malan?** ‘n Kragpuntaanbieding (Power Point) deur Dennis Malan in samewerking met Dr Andrew Kok.

16:40 Die **Malans van Suid-Afrika** die nuwe uitgawe en Engelse vertaling deur Dr Hercules Malan

16:50 Oorhandigings aan medewerkers.

16:55 Lees van die **Malan-lied** *“Deus Arx Mea”.*

17:00 Bedankings en afsluiting.

**Kostes:** Die saamtrek kos **R100** per volwassene en **R80** vir laerskoolkinders.

Betaal asseblief aan die **Malan-Familiebond** by **ABSA** (Besigheids-spaarrekening) **916 844 8977, takkode 632-005** voor **6 September 2018. Direkte bankinbetaling verwitig** my per **SMS** en per **internet-betaling, e-pos bewys** na **d.s.malan@telkomsa.net.** Stuur in albei gevalle ‘n **SMS na 081 779 2179.** Jou verwysing is jou en jou gade se name, van en selfoonnommer. Indien julle met my in aanraking wil kom, skakel my gerus **(S): 081 779 2179.**

**2.** Die **11de GENEALOGIE en FAMILIE-ERFENISFEES,** vind plaas in die **Atrium Lynwwoodrif NG Gemeente, te Lanciastraat 269, op 8 September 2018.**

U word ook vriendelik uitgenooi om saam te kom kuier en fees te vier. U sal merk dat die fees op dieselfde dag by dieselfde adres as die Malan-saamtrek. plaasvind Hierdie fees duur van 08:30 tot 14:00.. Direk daarna vind die **Malan-saamtrek** plaas. By hierdie geleenthede sal u kontak kan maak met ander uitstallers en navorsers in die genealogie en u eie familiegeskiedenis opvolg. Daar vind ook lesings plaas oor verskeie onderwerpe wat met genealogie verband hou. Besoek aan hierdie fees is gratis, maar koffie tee en verversings word te koop aangebied. Die **Hugenote Vereniging van SA** stal ook uit. Kom besoek ook hul stalletjie.

Die brosjure is hierby aangeheg.

**Kom maak gerus ‘n draai en sluit daarna by die Malan-saamtrek aan.**

**3. Algemene Jaarvergadering van die Hugenote Vereniging van Suid-Afrika.**

Alle Malans en Hugenote afstammelinge word ook vriendelike uitgenooi om hierdie byeenkoms by te woon. Die verrigtinge vind plaas in die Hugenotemuseum te Franschhoek op Saterdag 27 Oktober 2018 om 10:00 en ete word in die suilegang bedien. Prof Hermann Giliomee wat die boek met die titel ***Afrkaners*** die lig laat sien het en wat Sondagaande op TV vertoon word, sal as gasspreker optree. Boeke oor die Jouberts en Malans sal oorhandig word. Dr Hercules Malan skrywer van die ***Malans van Suid-Afrika*** het die reg om die boek in swart op wit in hul formaat uit te gee, oorgedra aan die Hugenote Vereniging. Skakel met die Hugenote Vereniging te Franschhoek by (T): 021 876 2598; (F): 021 876 3649 of (e-pos): hugenote@telkomsa.net en vra vir Amelia Wolmarans virbesonderhede te bekom.

**4. Ledegelde van R150 pp** is nou betaalbaar. Die **Malan Vonk** is **gratis** as dit **elektronies versend** word. **Landpos** kos **R40** per jaar. Alle betalings word gedoen soos onder 1 hierbo.

**5.** Met die volgende uitgawe sal ek volledig verslag doen oor die vorige byeenkomste.

Ons verwelkom alle Malans by al drie bogenoemde byeenkomste.

## Aflewering van *Die Malans van Suid-Afrika.*

Die laaste voorafbestellings is die eerste week van Mei gepos of gekoerier. Skakel Hercules asseblief so gou as moontlik as u moontlik nie u bestelling ontvang het nie (hmmalan@global.co.za of 0828988987).

Die brosjure en bestelvorm word hierby aangeheg as u nog nie die boeke bestel het nie. Die boeke sal ook op Saterdag 8 September by die Malan-saamtrek te koop wees.

## English translation of *The Malans of South Africa*.

Translation of the book has commenced already. About 150 pages of Volume I has been completed already

A generous donation was received from California from Remy Malan. Thank you very much!

André and Jan Malan translated a chapter each and Conling was paid for the translation of two chapters.

More translators and donations are urgently needed to complete the translation to be ready early next year. Please contact Hercules at hmmalan@global.co.za if you can help.

Malan greetings.

Vriendelike Malangroete

Dennis Malan, Redakteur en Hercules Malan, Mede-Redakteur.